

## INHOUD/CONTENTS

- Nuwe aanstellings by SAPPA
- Oesskatting vir die 2023 oes
- Statutory levies for 2023 season
- Keimoes pekanneutboere vorder op die transformasiepad

### New appointments at SAPPA!

Kelebogile Boitshoko joined as Transformation Assistant on 1 April 2023 after working as an intern paid by the Northern Cape agriculture since October 2021.

Devan Louw replaced RP Campher as Information Officer on 24 April 2023.



### Oesskattings vir die 2023 oes

In die Februarie Nuusbrief het ons die eerste oesskatting vir die 2023 oes van tussen 24 400 en 27 000 ton, bekend gemaak. Die April 2023 skatting het verhoog na tussen 25 700 en 28 500 ton.

Die swakker as normale kwaliteit van die 2022 oes het daartoe gelei dat slegs 86% van die oes in-dop uitgevoer is. Gedurende die voorafgaande drie jaar is meer as 90% in-dop uitgevoer. Met die beter kwaliteit van die huidige oes behoort die in-dop uitvoere dus tussen 23 100 en 25 600 ton te wees.

### Statutory levies for the 2023 season

The levy on pecan nuts will remain at 40 cent per kilogram for this season.

### Keimoes pekanneutboere vorder op transformasiepad.

Boere van Eksteenskui naby Keimoes het in 2014 versoeke aan SAPPA gerig om ingesluit te word by SAPPA se transformasie programme. Hulle het die produksie van pekanneute as aanvullend tot rosyne prioriteer en was gretig om met die nuwe bedryfstak te begin. SAPPA het ondersoek ingestel, en bevind dat daar geskikte gronde is, en het die eerste bome in 2015 gefinansier en dit is aangeplant. Die program is later uitgebrei om ook ander boere in die Keimoes omgewing in te sluit.

Vandag is daar 13 suksesvolle begunstigdes waarvan vier vroue is, wat gesamentlik 1307 bome aan die groei het. Daar is potensiaal vir verdere uitbreiding van die bestaande groep se boorde, asook vir nuwe toetreders. Minstens twee van die boere se doelwit is om kommersieel met pekanneute te boer op meer as 10 hektaar. Belangrike lesse, wat sal verseker dat sukses behaal word, is geleer. Een hiervan is dat elke nuwe vertakking nuwe kennis en vaardighede vereis. 'n Goeie wingerdboer is nie noodwendig en outomaties 'n goeie pekanneutboer nie! Van die boere het hul eerste neute in 2022 ingelewer en dus heffings betaal en sodoende begin teruggee aan die bedryf.

Mentorskapdienste word aan die groep gelewer deur Chris Krone. Dit sluit aspekte soos beplanning, grondvoorbereiding, besproeiing, boordbestuur en administratiewe funksies in. Ivan Schubach gee leiding met tegniese advies.

Alhoewel die meeste begunstigdes se plase relatief klein is en pekanneute in feitlik alle gevalle slegs 'n deel van die boerderye uitmaak, is almal dit eens dat die bydrae van pekanneutproduksie en SAPPA se volgehoue ondersteuning die lewenskwaliteit van begunstigdes en hulle gesinne volhoubaar positief sal beïnvloed. Daar heers 'n gees van opgewondenheid en afwagting en die toewyding van die boere is prysenswaardig.

Foto's: "Groep trotse boere saam met Chris" en "Bome by Llewellyn en Desiree Adams".



### SAPPA Greetings / SAPPA Groete

T: (021) 870 2900 | E: [admin@sappa.za.org](mailto:admin@sappa.za.org) | PO Box 163, PAARL, 7620  
[www.sappa.za.org](http://www.sappa.za.org)

Share this email:



Manage your preferences | Opt out using TrueRemove®

Got this as a forward? Sign up to receive our future emails.

View this email [online](#).

PO Box 163  
 Paarl, | 7620 ZA

This email was sent to .  
 Continue receiving our emails, add us to your address book.

[Subscribe](#) to our email list.